

8 Desember

Skrifgedeelte: Matteus 3:3-12
Fokusgedeelte: Matteus 3:11, 12

Soms moet jou woorde diep kan sny

Wanneer jy as 'n Christen met 'n vriend oor 'n ernstige sonde in sy lewe moet praat, dan moet jou woorde diep kan sny. Jy moet hom wakker skud en daarom moet dit 'n gesprek uit die Woord van God wees. Alleen dan kan jou gesprek gesagvol vermaan en oproep.

In Hebreërs 4 word die Bybel as 'n swaard met skerp kante beskrywe. Soms is Christene se getuigenis stomp, want hulle gebruik die swaard van die Bybel met sy plat kant. Dan word die Bybel net 'n knuppel wat blou kolle slaan, maar nie oopsny nie.

In Matteus 3 word Johannes die Doper as boodskapper van God aan ons bekend gestel. As boodskapper het hy voluit vir sy opdrag geleef om met groot erns die mense tot bekering op te roep. Die plek waar hy opgetree het, asook sy kos en kleres het van die erns van sy boodskap gespreek. In sy woorde en optrede toon hy aan ons hoe jy die boodskap van God soos 'n skerp swaard moet laat sny.

Wanneer godsdiensteleiers van daardie tyd na hom toe kom, ontmasker hy hulle skynheiligheid. Hy skroom nie om dit te benadruk dat jy God nie met mooi woorde kan sistap nie. Jou hele lewe moet dit wys dat jy Hom gehoorsaam wil wees. Hy ontmasker die mense se valse roem wat op 'n trotse familiegeskiedenis of tradisies hulle redding wil bou. Duidelik waarsku Johannes die mense dat hulle met hulle gedrag en optrede moet wys dat hulle bekeerde kinders van God is.

Op die dorsvloer van die lewe is daar nie plek vir halfhartigheid en 'n grys middelmatigheid nie. Jesus het sy skop in sy hande en Hy kyk dwarsdeur jou – voor Hom is jy óf koring óf nikswerd kaf. Ons taak is: Waarsku, saai die saad en God sal laat groei. God sal die dorsvloer skoonmaak, want Hy sien alles raak en met Hom speel jy nie.

Sing: Skrifberyming 7-1 (31):1

Dr. SJ van der Walt (Bloemfontein-Suid)